

KLEINGROEPNOTAS

Studie 5 - Volg die Meester: Vier bronne van gesag

TERUGVOER:

- Moedig elkeen aan om EEN DING te noem waarvoor hulle teenoor die Here dankbaar is?
- Moedig elkeen aan om aan die einde van elke Kleingroepbyeenkoms hulleself daartoe te verbind om daardie week EEN DING te doen wat voortvloei vanuit die groepsbespreking. Kry terugvoer van elkeen: "Het jy dit gedoen wat jy tydens die vorige byeenkoms onderneem het om te doen?" "Hoe het dit gegaan?"
- Bid saam en sê vir die Here hiervoor dankie.

VISIE

Verduidelik vir die groep die doel van julle weeklikse byeenkoms aan die hand van ons visie en strategie (die kruis):



AFSKOP

Ons gaan in hierdie studie kyk na 4 moontlike bronne van inligting waarvolgens ons geestelike besluite kan neem. Ons kan ook sê bronne van gesag in ons lewe.

- Deur te redeneer oor wat reg of verkeerd is, goed of sleg is, ens.
- Deur staat te maak op wat jy sien en voel.
- Deur terug te val op dit wat vir jou voorouers belangrik was.
- Deur staat te maak op God se geopenbaarde wil in die Bybel.

BESPREKING

DRIE VALS BRONNE VAN GESAG

1. Ons verstand / Intellek / logika

Oor die afgelope paar honderd jaar het wetenskaplikes verstommende ontdekking gemaak. Die mens se kennis het ongelooflik verbreed. Charles Darwin het die mense laat vergeet oor die Here vanweë sy idees oor evolusie en natuurlike seleksie. Mense het begin dink: "Dalk het die wêreld maar net per ongeluk ontstaan." Sir Isaac Newton het bewys dat die aarde een groot masjien is wat funksioneer volgens sekere wette. En as ons die hierdie wette kan verstaan, kan ons sons lewens beter bestuur en die wêreld 'n beter plek maak.

Daar is egter een groot probleem met al hierdie idees: die wetenskap kan net waarhede ontdek in die natuurlike realm. M.a.w. hulle kan net werk met die dinge wat ons kan sien en wat getoets kan word. Nou het die mense begin dink dat die fisiese realm is al wat daar is – daar is nie 'n geestelike dimensie nie en daar is nie 'n God nie. En as daar wel 'n God is, het Hy nie veel met ons te doen nie. En nou het die mense vir hulleself 'n ander maatstaf moes kry waarvolgens hulle morele besluite neem. En hierdie maatstaf is redenasies, feite en die wetenskap. So in plaas daarvan om te vra: “Wat sou Jesus doen?” vra hulle: “Wat sê ons logika en die wetenskap is die beste vir die mens?”

Wat sê die Bybel oor ons eie menslike redenasies? Lees 1 Kor. 2:14

2. Jou eie ervaring en emosie

Om op te tree volgens hoe jy op die oomblik voel is seker die algemeenste manier hoe mense deesdae besluite neem. Iemand kan mos nie met jou stry oor hoe jy voel nie, né? So hier gaan dit nou oor postmodernisme. Postmodernisme sê daar bestaan nie iets soos absolute waarheid nie. Hulle sê jy kan nie deur wetenskap of deur te redeneer by die waarheid uitkom nie, want daar is nie iets oos 'n absolute waarheid nie. Hulle sê jou eie ervaring is baie meer betroubaar as enigiets wat die wetenskap kan sê. Hulle sê as dit vir JOU die waarheid is, dan is dit al wat belangrik is.

Bespreek: Waarom kan ons nie staatmaak op ons eie ervaring om die waarheid te ontdek nie?

3. Tradisies

Wat is 'n tradisie? Dit is iets wat oorgedra word van een geslag aan die volgende. Die doel daarvan is om iets te herdenk of om hulle te herinner aan iets wat belangrik is. Die Here Jesus het self ook bepaalde tradisies onderhou. Watter tradisies het Hy nagekom? Daardie tradisies wat Homself en die mense om Hom nader aan God getrek het. Watter tradisies het hy doelbewus verbreek? Daardie gebruike wat teenstrydig was met God se Woord en wat bloot dooie rituele geword het. a) Hy het mense genees op die Sabbat. b) Hy en Sy dissipels het graan gepluk en geëet op die Sabbat. c) Hy het saam met sondaars geëet.

Elkeen van ons het tradisies wat ons volg as 'n gesin, of familie of gemeente. Op watter wyse kan hierdie tradisies die plek in ons lewe inneem wat die Woord van God veronderstel is om te hê? Bespreek.

EEN WARE BRON VAN GESAG: DIE BYBEL

Sommige mense dink geloof is 'n sprong in die donker. Niks is verder van die waarheid af nie. Geloof is juis gebaseer op feite. Die oorsprong van daardie feite is die woord van God. Die Woord is die waarheid. Omdat ons daarop kan staat maak, kan ons maar spring. Maar dis beslis nie 'n sprong in die donker nie!

- Die wonder van die Bybel se inspirasie - 2 Pet. 1:20-21 / 2 Tim 3:16-17 / 1 Tes 2:13
- Die Wonder van die Bybel se beloftes – 2 Kor.1:20
- Die wonder van die Bybel se behoud – Markus 13:31 / Ps.12:6-7
- Die wonder van die Bybel se veeldoeligheid – Heb. 4:12 / Jer. 23:29 / Jak 1:23-25 / Jer. 23:29 / Ps.119:105
- Die Wonder van die Bybel se krag- Jes 55:11
- Die Wonder van die Bybel se Boodskap - Gal. 1:11-12

Bespreek: Watter rol behoort die Bybel te speel in my en jou lewe?

GAAN

- Vra: Vir wie gaan jy vertel wat jy vandag geleer het?

NEEM 'N VOLGENDE STAP

- Noem **EEN DING** wat vir jou uitstaan uit vandag se bespreking.
- Wat ervaar jy is **EEN DING** wat jy moet **DOEN** in die week wat volg?

Deel met die groep die EEN DING wat jy as groepsleier onderneem om te doen. Stel die voorbeeld vir die groepslede hierin. Moedig die elkeen om iets te doen wat meetbaar is en waaroor hulle volgende week kan terugvoer gee. Ons wil graag elkeen aanmoedig om 'n dader van die Woord te word en nie slegs 'n hoorder nie.

GEBED EN OMGEE

- Vra: Wat is die grootste behoefte/uitdaging op die oomblik in jou lewe?
- Vind uit of iemand in die groep nie dalk met daardie spesifieke behoefte kan help nie.
- Bid vir mekaar.